## GEBEDSBULLETIN

***November se tema*: VERGIFNIS**

Rom 4:7 "Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word."

## DANKSEGGING:

- Vir God se vergifnis in Jesus Christus.
- Vir die Nagmaal wat ons VERSEKER van die verlossing en vryspraak.
- Goeie reën in dele van die land. Bid vir die NoordKaap, Karoo, Namibië.
- Ons land se infrastruktuur (paaie, spoorweë, hawens) wat mense se lewens makliker maak.

## GEBED EN SMEKING:

- Vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree.
- Kerssangdiens.
- Instandhouding van die gemeente se geboue.
- November is ook bekend as "Movember" - fokus op kanker by mans.
- 'n Lidmaat om die kospakkies te hanteer.
- Politieke onsekerheid in die land (ekonomie en mini-begroting).
- Matrieks - eindeksamen (selfdissipline, veilige omgewing).
- Bende-leiers en -lede vir 'n ontmoeting met die Here.
- Herlewing in SA - lewende verhouding met die Here.

## VAKATURE

Aansoeke word ingewag vir die kosterspos. Handig u CV in by die kerkkantoor voor 8 November 2019.








# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 3 NOVEMBER 2019**

*"Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie" (Gal 5:1)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

09:00 — NAGMAAL

Kerk (ds Robert)
Vleesbaai (ds Danie)
Santos Haven (ds André)

Spesiale Offer vir Instandhouding

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |

## VOLGENDE SONDAG:

09:00 — Eredienste

Kerk (ds Danie)

Vleesbaai (ds Robert)

Spesiale Offer vir Geopende Deure

**KATEGESE/KINDERKERK:**


| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |

Dit is vandag die belydenisaflegging.

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

| | |
|---|---|
| **MAANDAG:** | 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie) |
| **DINSDAG:** | 09:00 Bybelstudie (ds Robert)<br>09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)<br>09:30 Bybelstudie saal (ds André)<br>19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert) |
| **WOENSDAG:** | 09:30 Vroue saambid in die saal<br>15:30 Biduur Santos Haven (ds André) |
| **DONDERDAG:** | 06:00 Manne saambid in saal<br>09:00 Bybelstudie Vleesbaai/Rietvlei (ds Robert) |



# IN FOKUS:

**KOSKAS:** NOVEMBER is Streek B se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Spesiale offer Alta du Toit Nasorg was R2756-30.

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**VERANDERINGE JAARPROGRAM:**
14 Nov - Kerkraadsverg
17 Nov - Kerssangdiens
21 Nov - Vonkelvroue

**HAP EN KRAP:** R20 004-50 is ge-in. Baie dankie aan elkeen wat so hard gewerk het, asook ondersteun het!

**BAIE WELKOM NUWE LIDMATE:** Die volgende lidmate is met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas:
Gerhardus I Crous en Hester JH Crous (Protea Aftreeoord) - vanaf Stella.

**NUWE MENSE**

**Baie hartlik welkom in ons Christus -familie!**

Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

**KOSPAKKIES—DRINGENDE VERSOEK:**
Agv ernstige gesondheidsprobleme kan ek ongelukkig nie voorgaan met die hantering van die kospakkies nie. Die volgende pakkies word op uitgedeel op 14 November 2019. Ons benodig persone wat die aankope kan doen, asook die pak en uitdeel. Aankope word by Mikeva gedoen dan lewer hul dit by Kerksaal af.
Daar is 'n standaardlys wat aangekoop word, wat tot u beskikking gestel sal word. Ons sal reël vir 'n rekening by Mikeva wat dan deur die Kerkkantoor betaal sal word. Ons het ook 'n lys van hoe die pakkies gepak word. Daar is dames wat met die pak help en ook met die uitdeel. Indien u enige navrae het is u welkom om my te nader.
Joey de Jager 0732988142 of 044 6910116






**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë en Fynbos se siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Chrisjan la Grange Fynbos Aftreeoord, Pierre Maré Nuture Park, Pieter Groenewald Fynbos Aftreeoord, André du Preez Hoogstr, Chris Snyman Hofmeyrstr, Soes Rossouw Deltastr, Hennie van Greunen Da Gamastr.*
Daar is 'n paar mense wat met kankerbehandeling besig is. Die behandeling is langtermyn, en hul wil gewoonlik nie week vir week hul name op afkondigingsblad hê nie. Kom ons onthou hul in ons gebede.






# PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
<u>Telefoon</u>: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

<u>Kantoorure</u>:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Nic Olivier 072 485 1316

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
<u>Ds Danie</u>: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
<u>Ds André</u>: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
<u>Ds Robert</u>: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za

**FINANSIËLE BYDRAES:**
**<u>Vir dankoffers & spesiale projek bydraes</u>:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**<u>Vir Geloofsgelofte-bydraes</u>:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886